

**16 DESEMBER**

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 145  
FOKUSGEDEELTE: PSALM 145:17-18**

**Geloftedag/Versoeningsdag: God is regverdig en getrou in alles wat Hy doen**

God se koningskap is vir alle tye en strek oor die geslagte heen (vs. 13). Dit beteken dat God oor alle gebeurtenisse regeer, of dit nou die gebeure met die slag van Bloedrivier is of gebeure in ons land se onlangse geskiedenis. In die proses is God regverdig en getrou in alles wat Hy doen (vs. 17).

Soms is dit moeilik om dit in te sien, veral wanneer dinge gebeur waarvan ons nie hou nie. Onthou dan dat die hand van die Here nie net sigbaar is in die dinge wat na ons sin verloop nie, maar ook in die dinge wat nie na ons sin verloop nie. Al verstaan ons dit nie altyd nie, glo ons dat God regverdig en getrou is in die wyse waarop Hy oor alle gebeure regeer.

Wanneer 'n mens jou toevlug tot God neem, is Hy daar vir jou (vs. 18). Die geskiedenis is vol voorbeelde van mense wat in krisistye hulle toevlug tot God geneem het en toe die Here se grootheid en goedheid, sy genade en barmhartigheid, sy reg en trou ervaar het.

Met Christus se kruisdood het God onreg gestraf en het sy geregtigheid vir ons 'n verlossende geregtigheid geword. In Hom het God getrou gebly aan sy verbondsbeloftes. Deur sy Woord en Gees vind ons by Hom ware geregtigheid en trou.

Kom ons gedenk op hierdie dag Hom wat regverdig en getrou is in alles wat Hy doen. Kom ons loof en prys Hom daarvoor.

*Sing: Psalm 145:10 (1936-beryming) of Psalm 145:7 (2001-beryming)*

*Ds Jannie van der Schyff (Welkom-Noord)*